TOTALE PUNTE

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2019

# EKONOMIE

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 uur

300 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 36 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Lees die vrae noukeurig deur.

3. **Alle vrae is verpligtend**.
AFDELING A: Vraag 1
AFDELING B: Vraag 2, 3, 4 en 5
AFDELING C: Vraag 6

4. Beantwoord AL die vrae in die ruimtes wat op hierdie vraestel verskaf is.

5. Beantwoord vrae, waar moontlik, punt vir punt, maar in volsinne. 'n Sistematiese aanbieding van feite word vereis.

6. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

7. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

8. Moet asseblief **nie** met 'n **potlood skryf nie**, aangesien werk in potlood nie nagesien sal word nie. Enige sketse of diagramme kan egter in potlood geteken word.

9. Vier skoon bladsye (bladsy 33 tot 36) is aan die einde van die vraestel bygevoeg. Indien daar nie genoeg ruimte is vir jou antwoord nie, gebruik hierdie bladsye. Dui asseblief duidelik die vraagnommer van jou antwoord aan wanneer jy hierdie ekstra ruimte gebruik.

---

**Puntetoekenning**

| V1 | V2 | V3 | V4 | V5 | V6 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| **50** | **50** | **50** | **50** | **50** | **50** | **300** |

IEB Copyright © 2019

## AFDELING A

## VRAAG 1

**Kies die korrekte alternatief en skryf die letter van die korrekte antwoord in die blok.**

| | |
|---|---|
| 1.1 | |
| 1.2 | |
| 1.3 | |
| 1.4 | |
| 1.5 | |
| 1.6 | |
| 1.7 | |
| 1.8 | |
| 1.9 | |
| 1.10 | |
| 1.11 | |
| 1.12 | |
| 1.13 | |
| 1.14 | |
| 1.15 | |
| 1.16 | |
| 1.17 | |
| 1.18 | |
| 1.19 | |
| 1.20 | |

1.1 Watter EEN van die volgende is **nie** 'n metode om die BBP teen markpryse te bereken nie?

A inkomstemetode
B waardetoegevoegde metode
C bestedingsmetode
D beleggingsmetode (2)


1.2 Kleinhandelsverkope, werkloosheidsyfers en reële BBP is almal voorbeelde van…

A leidende aanwysers.
B volgaanwysers.
C teensikliese aanwysers.
D saamvallende aanwysers. (2)

IEB Copyright © 2019

1.3 Bestudeer Figuur 1 en beantwoord die vraag wat volg.

**Figuur 1: Die vermenigvuldiger**




In bostaande figuur, is die vermenigvuldiger ...

A 1,5
B 2,0
C 2,5
D 3,0 (2)

1.4 In ekonomie verwys die "lang termyn" na die tydperk wanneer …

A alle produksiefaktore vas is.
B alle produksiefaktore kan verander.
C inkomste vas is.
D sommige produksiefaktore vas is en ander kan wissel. (2)

1.5 Die prys van die produk wat in 'n volmaak mededingende nywerheid geproduseer is, word …

A deur vraag- en aanbodtoestande waarvoor 'n individuele firma te staan kom, bepaal.
B deur die regering bepaal.
C deur vraag- en aanbodtoestande in die mark bepaal.
D deur 'n paar firmas met markkrag in die nywerheid vasgestel. (2)

1.6 In teorie, watter van die volgende beskryf die eienskappe van 'n openbare produk die beste?

A uitsluitbaar en wedywerend
B uitsluitbaar en nie-wedywerend
C nie-uitsluitbaar en wedywerend
D nie-uitsluitbaar en nie-wedywerend (2)

1.7 Die kruiselingse elastisiteit van vraag tussen goedere X en Y is positief. Dit impliseer hulle is …

A normale goedere.
B plaasvervangergoedere.
C minderwaardige goedere.
D komplementêre goedere. (2)

1.8 Wanneer 'n Suid-Afrikaner aandele in 'n Britse maatskappy koop, sal dit aangeteken word in Suid-Afrika se …


A lopende rekening.
B kapitaaloordragrekening.
C finansiële rekening.
D verandering in netto goud en ander reserwerekeninge. (2)

1.9 Die Phillips-kromme demonstreer 'n …

A positiewe verhouding tussen inflasie en uitset.
B positiewe verhouding tussen inflasie en werkloosheid.
C negatiewe verhouding tussen inflasie en werkloosheid.
D negatiewe verhouding tussen inflasie en uitset. (2)

1.10 Bestudeer Kaart 1 en beantwoord die vraag wat volg.

**Kaart 1: Venezuela se jaarlikse inflasiekoers**




Gemiddelde verbruikerspryse
Bron: Internasionale Monetêre Fonds

Watter tipe inflasie het Venezuela in 2018 ervaar?

A disinflasie
B hiperinflasie
C gematigde inflasie
D deflasie (2)

1.11 In 2019 koop een VS dollar R12,50 (ZAR) en in 2020 koop een rand (ZAR) $0,075 dollar. Watter een van die volgende stellings is die korrekste?

A Daar is geen verandering in die wisselkoers tussen 2019 en 2020 nie.
B SA uitvoere na die VS is goedkoper in 2020 as in 2019.
C Goedere wat van die VS ingevoer word, is duurder in 2019 as in 2020.
D Vir VS-beleggers is Suid-Afrikaanse bates duurder om te koop in 2020 as in 2019. (3)

1.12 'n Verlaging in Suid-Afrika se maatskappybelastingskoers sal heel waarskynlik …

A emigrasie verhoog.
B die winsgewendheid van die land se firmas verminder.
C werkloosheid verminder.
D buitelandse direkte belegging in die land verhoog. (3)

1.13 Bestudeer Tabel 1 hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**Tabel 1: Nasionale rekening se syfers vir 2017**

| Item | R miljoene |
|---|---|
| Bruto waarde by basiese pryse gevoeg | **4 171 729** |
| Belasting op produkte | 496 009 |
| **A** | 15 953 |
| Bruto binnelandse produk teen markpryse | **B** |

Kies die korrekte kombinasie vir **A** en **B** in bostaande tabel.

A Subsidies op produksie en 4 651 785
B Subsidies op produkte en 4 651 785
C Vergoeding van werknemers en 3 691 673
D Subsidies op produkte en 3 691 673 (3)

1.14 Bestudeer Tabel 2 hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**Tabel 2: Bevolking, BBP teen huidige pryse en BBP teen konstante pryse**

| Jaar | Bevolking (miljoen) | BBP teen huidige pryse (miljoen) | BBP teen konstante pryse (miljoen) |
|---|---|---|---|
| 2016 | 20 | 100 000 | 100 000 |
| 2017 | 21 | 110 000 | 103 000 |

Die data bevestig dat …

A reële BBP met 10% gestyg het.
B nominale BBP met 5% gestyg het.
C die bevolking teen 'n vinniger koers as huidige pryse gegroei het.
D reële BBP per capita gedaal het. (3)

1.15 Indien die ewewigsmarkprys van 'n produk styg, sal hierdie hoër prys heel waarskynlik voorkom as gevolg van …

A 'n daling in die prys van 'n plaasvervanger.
B 'n styging in die prys van 'n komplementêre produk.
C 'n natuurramp.
D nuwe firmas wat tot die mark toetree. (3)

1.16 Wat sal heel waarskynlik aandui dat 'n ekonomie ontwikkel is eerder as ontwikkelend?

A 'n hoë geboortesyfer en 'n lae sterftesyfer
B 'n groot primêre sektor en 'n hoë bevolkingsaanwas
C 'n groot dienssektor en kapitaalintensiewe produksie
D 'n lae vlak van belegging en 'n hoë besparingskoers (3)

1.17 Land X se Lorenz-kromme is nader aan die lyn van volmaakte gelykheid as land Y se Lorenz-kromme.

As alle ander dinge gelyk is, watter van die volgende is waar?

A Land X het 'n groter Gini-koëffisiënt as land Y.
B Land Y het 'n meer billike inkomsteverdeling as land X.
C Land X se Lorenz-kromme sal nader aan land Y se Lorenz-kromme beweeg indien land X se top- marginale inkomstebelastingkoers verlaag word.
D Land Y se Lorenz-kromme sal nader aan land X se Lorenz-kromme beweeg indien land Y se top- marginale inkomstebelastingkoers verlaag word. (3)

1.18 As alle ander dinge gelyk is, watter een van die volgende, A, B, C of D, verteenwoordig die waarskynlikste uitkoms van verlagings in rentekoerse in 'n land se ekonomie?

| | **Huishoudelike besparing** | **Huishoudelike lenery** | **Land se geldeenheid** |
|---|---|---|---|
| A | daal | daal | verswak |
| B | styg | styg | versterk |
| C | styg | daal | versterk |
| D | daal | styg | verswak |

(3)

1.19 Bestudeer Tabel 3 hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**Tabel 3: Hipotetiese data vir 'n ekonomie**

| **Staats-besteding** | **Besteding aan invoere** | **Belastings** | **Beleggings** | **Inkomste uit uitvoere** | **Besparing** |
|---|---|---|---|---|---|
| 25 | 60 | 30 | 20 | 70 | 35 |

Watter stelling oor hierde ekonomie is korrek?

A Dit brei uit omdat uitvoere meer as beleggings is.
B Dit krimp in omdat besparing meer as belasting is.
C Dit brei uit omdat inspuitings meer as lekkasies is.
D Dit krimp in omdat lekkasies meer as inspuitings is. (3)

IEB Copyright © 2019

1.20 'n Ekonomie ervaar hoë werkloosheid en 'n inflasiekoers onder die inflasieteiken.

Watter makro-ekonomiese beleidsamestelling is die beste vir hierdie ekonomie?

A ekspansionistiese fiskale en ekspansionistiese monetêre beleid
B beperkende fiskale en beperkende monetêre beleid
C ekspansionistiese fiskale en beperkende monetêre beleid
D beperkende fiskale en ekspansionistiese monetêre beleid (3)

**50 punte**


IEB Copyright © 2019

## AFDELING B

## VRAAG 2 MAKRO-EKONOMIE

2.1 **Bestudeer Diagram1 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

**Diagram 1: Kringloop van inkomste**




2.1.1 Benoem A tot D.

(4)

2.1.2 Verduidelik kortliks die verskil tussen monetêre vloei en reële vloei.

(4)

IEB Copyright © 2019

2.1.3 Verduidelik kortliks die verhouding tussen belasting en staatsbesteding in die kringloopmodel.

(4)

2.1.4 Gebruik 'n toepaslike voorbeeld om die moontlike uitwerking van die vermenigvuldigerproses op die ekonomie te verduidelik.

(6)

2.2 **Leidende aanwysers dui daarop dat Suid-Afrika se bruto binnelandse produk (BBP) besig is om te herstel.**

2.2.1 Noem die laagste punt op 'n sakesiklus voordat 'n ekonomie begin herstel.

(2)

2.2.2 Omskryf die ekonomiese term *bruto binnelandse produk*.

(4)

IEB Copyright © 2019

2.2.3 Gebruik 'n voorbeeld om die ekonomiese term *leidende aanwyser* te verduidelik.

(4)

2.2.4 Bespreek hoe monetêre beleid gebruik kan word om ekonomiese groei in 'n ekonomie te verbeter.

(8)


2.3 **Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) klassifiseer Suid-Afrika se wisselkoers as 'n beheerde swewende stelsel.**

2.3.1 Onderskei kortliks tussen vry swewende, beheerde swewende en vaste wisselkoersstelsels.

(6)

IEB Copyright © 2019

2.3.2 Gebruik 'n grafiek en 'n verduideliking om te illustreer wat met die R/$-wisselkoers sal gebeur indien invoere dramaties styg vanweë infrastruktuurbesteding deur die Suid-Afrikaanse regering.



(8)
**[50]**

## VRAAG 3 MIKRO-EKONOMIE

3.1 **Bestudeer Tabel 4 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

Onderstaande tabel toon die marginale nut en totale nut van speelgoedmotors.

**Tabel 4: Marginale en totale nut van speelgoedmotors**

| Getal speelgoedmotors | Marginale nut van speelgoedmotors (nutseenhede) | Totale nut van speelgoedmotors (nutseenhede) |
|---|---|---|
| **1** | 10 | **A** |
| **2** | 8 | **B** |
| **3** | 6 | 24 |
| **4** | 4 | 28 |
| **5** | **C** | 31 |
| **6** | 0 | **D** |

3.1.1 Beskryf die ekonomiese term *nut*.

(2)

3.1.2 Bereken die waardes van A, B, C en D.

(4)

IEB Copyright © 2019

3.2 **'n Firma verkoop 500 eenhede van 'n produk teen 'n prys van R20. Nadat die prys tot R25 verhoog is, daal die getal wat gevra word tot 425 eenhede.**

3.2.1 Bereken die verskil in totale inkomste as gevolg van die prysstyging. Toon al die berekenings.

(4)

3.2.2 Bereken die pryselastisiteit van vraag. Toon al die berekenings.

(4)

3.2.3 Verduidelik hoe 'n firma kan baat sou hulle weet of die produk wat hulle verkoop pryselasties of prysonelasties is.

(4)

IEB Copyright © 2019 

3.3 **Bestudeer Tabel 5 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

Onderstaande tabel toon die inkomste-elastisiteit van verskillende produkte.

**Tabel 5: Inkomste-elastisiteit**

| Produk | Inkomste-elastisiteit van vraag |
|---|---|
| X | +0,6 |
| Y | –0,2 |
| Z | +1,4 |

3.3.1 Beskryf die ekonomiese term *inkomste-elastisiteit van vraag*.


(2)

3.3.2 Gebruik ekonomiese teorie om kortliks die verskil tussen die inkomste-elastisiteit van vraag na produk X en produk Y te verduidelik.

(6)

IEB Copyright © 2019

3.3.3 Gebruik SLEGS 'n vraag-en-aanbod-grafiek om die uitwerking wat 'n styging in inkomste sal hê op die prys en hoeveelheid wat van produk Z verkoop word, aan te toon.



(6)

3.4 Bespreek die volgende oorsake van markmislukking en *assesseer* wat die regering oor elkeen kan doen.

3.4.1 Onvolmaakte/asimmetriese inligting

(6)

3.4.2 Onvolmaakte mededinging

(6)

IEB Copyright © 2019 

3.4.3 Merietegoedere

(6)
**[50]**

## VRAAG 4 KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

4.1 Verduidelik die verskil tussen ekonomiese groei en ekonomiese ontwikkeling.

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________ (4)

4.2 **Suid-Afrika het 'n baie hoër BBP per capita as Sri Lanka, maar Sri Lanka vaar baie beter as Suid-Afrika op grond van die MOI.**

4.2.1 Onderskei kortliks tussen die menslike-ontwikkelingsindeks (MOI) en bruto binnelandse produk (BBP) per capita as maatstaf van ekonomiese ontwikkeling.

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________ (4)

4.2.2 Met verwysing na die stelling in 4.2, gee TWEE moontlike redes hoekom dit so is.

______________________________________________________________________________


______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________ (4)


4.3 **Bestudeer Kaart 2 en Kaart 3 en beantwoord die vrae wat volg.**

**Kaart 2: Suid-Afrika se werkloosheid**




[Bron: tradingeconomics.com]

**Kaart 3: Suid-Afrika se BBP-groei**




[Bron: tradingeconomics.com]

4.3.1 Hoe word ekonomiese groei gemeet?

(2)

4.3.2 Hoe word werkloosheid gemeet?

(2)

4.3.3 Noem VIER van Suid-Afrika se makro-ekonomiese doelwitte.


(4)

4.3.4 Behoort die Suid-Afrikaanse regering bekommerd te wees oor die onlangsste gegewens in Kaart 2 en Kaart 3? Motiveer jou antwoord.

(4)

IEB Copyright © 2019

4.3.5 Gebruik 'n diagram van totale vraag en totale aanbod en 'n kort verduideliking om te illustreer hoe beter onderwys en opleiding die werkloosheidskoers en die ekonomiese groeikoers kan verbeter.



(10)

IEB Copyright © 2019

4.4 **Om die begrotingstekort te verminder, kan die regering dit oorweeg om direkte of indirekte belastings te verhoog.**

4.4.1 Wat word met die ekonomiese term *begrotingstekort* bedoel?

(2)

4.4.2 Verduidelik die verskil tussen direkte en indirekte belastings met behulp van voorbeelde.

(6)

4.4.3 Evalueer die mate waarin 'n styging in sowel direkte as indirekte belastings die begrotingstekort sal verbeter.

(8)

**[50]**


## VRAAG 5 GEMENGDE VRAE

5.1 **Bestudeer Bron 1 en Bron 2 en beantwoord die vrae wat volg.**

**Bron 1: Vraag na arbeid**




**Bron 2: Gemiddelde salarisse**




[Bron: <http://www.businessessentials.co.za>]


5.1.1 Wat beteken die ekonomiese konsep *vraag na arbeid*?

(2)

5.1.2 Met verwysing na Bron 2 en jou eie kennis, bespreek TWEE redes vir verskille in salarisse.

(6)

5.2 **Verligting vir verbruikers toe VPI op tweejaar-laagtepunt is.**




[Bron: Consumer Price Index (CPI), January 2019]

5.2.1 Waarvoor staan die akroniem VPI?

______________________________________________________________ (2)

5.2.2 Onderskei kortliks tussen koste-inflasie en vraaginflasie.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________


______________________________________________________________ (4)

5.2.3 Bespreek DRIE gevolge van inflasie.

(12)

IEB Copyright © 2019

5.3 **VSA se handelsoorlog met China raak warm**




[Bron: <www.zanews.co.za>]

5.3.1 Beskryf TWEE vorms van proteksionisme.

(4)

5.3.2 Bespreek TWEE moontlike redes hoekom lande handelsversperrings gebruik om hul ekonomieë te beskerm.

(8)

IEB Copyright © 2019

5.3.3 Handel is 'n kerngroeigebied vir die meeste lande. Bespreek DRIE redes hoekom lande handel dryf.

(12)
**[50]**

**200 punte**


IEB Copyright © 2019

## AFDELING C

## VRAAG 6 DATARESPONS

6.1 **Bestudeer Spotprent 2 en Bron 3 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

**Spotprent 2**




[Bron: <https://www.businesslive.co.za/bd/opinion/2018-06-04-cartoon-fuel-price-heist>]

### Bron 3: SA se petrolmark

**Petrolmark in Suid-Afrika**

Die Suid-Afrikaanse regering is bekommerd oor die stygende koste van petrol in Suid-Afrika, wat grotendeels deur die rand-dollar-wisselkoers en die prys van ruolie veroorsaak word.

Daar is oproepe vir die regering om maksimum petrolpryse te stel. Nog 'n voorstel is om petrolstasies toe te laat om petrolpryse te diskonteer, soos in die geval van diesel. Op die oomblik word die petrolprys gereguleer maar nie die dieselprys nie.

Suid-Afrika het net 'n handjievol groot produsente en, indien pryse gedereguleer word, bestaan die gevaar dat pryse verlaag sal word ten einde mededinging van die klein onafhanklike verskaffers uit te skakel.

Sodra hierdie kleiner spelers uit die mark geskakel word, kan die oligopolie oor pryse saamspan.

[Bron: Aangepas uit: <https://www.mg.co.za>]

6.1.1 Beskryf die ekonomiese term *maksimum prys*.

(2)

6.1.2 Met verwysing na Bron 3, verduidelik kortliks hoe die TWEE faktore wat in paragraaf 1 genoem is die koste van petrol in Suid-Afrika beïnvloed.


(4)

6.1.3 Verduidelik TWEE ekonomiese uitdagings wat Suid-Afrika in die gesig staar weens die stygende koste van petrol.

(6)

IEB Copyright © 2019

6.1.4 Bespreek met behulp van 'n diagram wat sal gebeur as die regering 'n maksimum prys op petrol oplê wat onder die ewewigsprys is en **assesseer** watter uitwerking dit op die mark vir petrol sal hê.



(10)

IEB Copyright © 2019

6.1.5 Die petrolmark in Suid-Afrika word as 'n voorbeeld van 'n oligopolie beskou. Motiveer hoe hierdie voorbeeld ooreenstem met VIER eienskappe van oligopolieë.

(16)

6.2 **Bestudeer Bron 4 en beantwoord die vrae wat volg.**

**Bron 4: Suid-Afrika se handelsbalans**

Daar is altyd wenners en verloorders in wisselkoersbewegings. Een van die ekonomiese teorieë is dat 'n verbetering in Suid-Afrika se handelsbalans toegeskryf kan word aan die verswakking van die rand teen die dollar. Vraag na ingevoerde goedere is egter dikwels meer onelasties as die vraag na ons uitgevoerde goedere.

| UITVOERE | INVOERE |
|---|---|
| **R118 884 554 896** | **R115 350 179 371** |
| **Handelsbalans: R3 494 375 525** | |
| **Topvyflande na wie ons uitvoer:** | **Topvyflande van wie ons invoer:** |
| 1. China (9,9)<br>2. Duitsland (8,5)<br>3. Verenigde State (7,0)<br>4. Japan (4,9)<br>5. Indië (4,8) | 1. China (19,6)<br>2. Duitsland (9,5)<br>3. Verenigde State (6,4)<br>4. Saoedi-Arabië (4,8)<br>5. Nigerië (3,9) |

[Syfers: November 2018]

[Bron: <http://www.sars.gov.za/ClientSegments/Customs-Excise/Trade-Statistics/Pages/default.asp>]

6.2.1 Watter land is Suid-Afrika se grootste handelsvennoot?

______________________________________________________________________

(2)

6.2.2 Met verwysing na Bron 4, identifiseer of die handelsbalans 'n lekkasie of 'n inspuiting verteenwoordig.

______________________________________________________________________

(2)

IEB Copyright © 2019

6.2.3 Evalueer of 'n swakker rand altyd tot 'n verbetering in die handelsbalans sal lei.

(8)

**50 punte**

**Totaal: 300 punte**

IEB Copyright © 2019

**ADDISIONELE SPASIE (ALLE vrae)**

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE ADDISIONELE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER DAT ALLE ANTWOORDE NAGESIEN WORD.**

IEB Copyright © 2019

IEB Copyright © 2019